ANTARKTIESE BULLETIN

Sponsored by—Onder beskerming van

BP Southern Africa (Pty.) Ltd.

JUNE to SEPTEMBER 1969 — No. 28 — JUNIE tot SEPTEMBER

Published by the South African Antarctic Association
32 Park Avenue, Bordeaux, Randburg

Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging
Parklaan 32, Bordeaux, Randburg

Patrons/Beskermhere: Prof. S. P. Jackson, M.A., D.I.C., Ph.D.
Dr. S. Meiring Naude, M.Sc., Ph.D., D.Sc.h.c., L.L.D.h.c.
Mnr. D. J. Joubert, B.A., Ll.B.

Editor/Redakteur: D. G. Torr

EDITORIAL — REDAKSIONEEL

It was recently announced by Mr. D. G. Kingwill, Director of Information and Research Services of the Council for Scientific and Industrial Research and Secretary of S.A.S.C.A.R. (South African Scientific Committee on Antarctic Research), that it has been decided to initiate a new journal for the publication of original scientific papers and other material related to South African research activities in Antarctica. The journal will be sponsored by the Department of Transport and published by the C.S.I.R.

This step is welcomed by the Association, because authors have used the *Bulletin* in the past for the purpose of publishing scientific material which may not have much appeal to the majority of its readers. It is therefore recommended that in future all contributions of a more technical nature be submitted to the South African Antarctic Journal. However, articles of popular scientific interest pertaining to polar activities will still be most acceptable for publication in the *Bulletin*. As it has been noticed in the past that the majority of readers of the *Bulletin* are non ex-SANAE expedition members, it has been decided to attempt to use the space made available by the diversion of scientific articles to the *Journal*, to include articles of particular interest to old expedition members.

SEWENDE JAARLIKSE DINEE VAN DIE VERENIGING

Die sewende jaarlikse dinee van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging is in die Constantia klub Pretoria gehou op Saterdagaand die tweede Augustus 1969. Sewe-en-dertig gaste het die dinee in die W. K. Grobbelaarsaal bygewoon.

Die eregaste aanwesig was mnr. en mev. D. J. Joubert, prof. S. P. Jackson, mnr. en mev. M. J. Cronjé, mnr. K. Lee, mnr. H. Maas en mej. J. Raubenheimer, dr. en mev. A. le R. van der Merwe. Mnre. Cronjé en Lee is ampsdraers van BP Suidelike Afrika, die skenkers van die Antarktiese medalje. Mnr. Maas het die S.A.U.K. verteenwoordig.

Verskonings is ontvang van dr. en mev. S. M. Naudé, President van die W.N.N.R., en dr. E. Plumstead van die Universiteit van die Witwatersrand. Ander vername persone wat die dinee bygewoon het was mnr. D. G. Kingwill van die W.N.N.R. en mnr. en mev. Hide van die W.N.N.R. se Londense kantoor.

Die seremoniemeester was mnr. Kobus Retief. Sy pittige sêgoed, en veral sy draakstekery met die van der Merwes het groot byval gevind.

Die voorsitter, dr. L. E. Kent, het al die aanwesiges verwelkom, en in besonder die eregaste. Hy het ook gemeld dat dit die eerste keer is dat mnr. Joubert in sy hoedanigheid as beskermheer by die Vereniging optree.

Die ete wat aan die gaste voorgesit is, sowel as die bediening was uitstekend. Die hoogtepunt van die aand was die toespraak van mnr. Joubert, waarin hy die rol van die Departement van Vervoer in die Antarktiese gebiede geskets het. Hy is deur dr. Taljaard aan die gaste voorgestel.

Hierna het mnr. M. Cronjé die oorsprong van BP se belangstelling en hulle bydrae tot werk in Antarktika aan die gaste verduidelik. Die Antarktiese medalje is toe aan dr. André van der Merwe oorhandig. Die motivering vir die toekenning van die medalje aan dr. van der Merwe is toe deur dr. Kent, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Medaljekomitee, voorgelees.

Dr. van der Merwe het vervolgens op luimige en interessante wyse vir die medalje bedank. Kopieë van sy boek „Die Wit Horison" is aan mnr. Joubert en BP (Suidelike Afrika) oorhandig.

Die geleentheid is afgerond deur dr. Kent wat mnr. Joubert bedank het vir sy interessante toespraak, en BP (Suidelike Afrika) vir hulle rol in die Vereniging. Ook het hy die persone wat behulpsaam was met die organisasie van die dinee geluk gewens met die sukses van die geleentheid, en in besonder, mnr. Retief, vir al sy moeite om van die Vrystaat te reis vir die geleentheid.